Suid-Afrikaanse Toutrek Skeidsregter en Beampte Vereniging

Grondwet

GRONDWET VAN DIE SUID AFRIKAANSE TOUTREK SKEIDSREGTER EN BEAMPTE VERENIGING

1. NAAM

Die Vereniging staan bekend as die **SUID AFRIKAANSE TOUTREK SKEIDSREGTER EN BEAMPTE VERENIGING** (hierna genoem die **VERENIGING**).

2. REGSPERSOON EN JURISDIKSIE

2.1 Die Vereniging is by die Suid-Afrikaanse Toutrek Federasie (SATF) geaffilieer en funksioneer onder die oorhoofse jurisdiksie van SATF.

2.2 Die Vereniging het geen regspersoonlikheid nie en is nie bevoeg om in sy naam as eiser of verweerder op te tree nie. Met uitsondering van die jurisdiksie wat ingevolge paragraaf 2.3 hieronder genoem deur SATF verleen word, sal SATF namens die Vereniging optree.

2.3 Die Vereniging het volle jurisdiksie om binne die goedgekeurde reëls van SATF met inagneming van sy verantwoordelikheid teenoor die regspersoonlikheid van SATF alles te doen wat nodig is om sy doelstellings soos hierna bepaal word, te verwesenlik.

3. ADMINISTRATIEWE KANTOOR

Die administratiewe kantoor van die Vereniging is die adres van die sekretaris.

4. DOEL VAN DIE VERENIGING

4.1 Die vereniging sal toesien dat die reëls van toutrek soos goedgekeur deur die Internasionale Toutrek Federasie (TWIF) deur gekwalifiseerde aktiewe skeidsregters en beamptes streng toegepas word;

4.2 Om internasionale standaarde daar te stel; deur:

- opleidings kursusse aan te bied;
- skeidsregters en beamptes deurlopend te evalueer;
- skeidsregters en beamptes van reels te voorsien en op datum te hou;
- nuwe skeidsregters en beamptes eenkeer per jaar op te lei.

4.3 Om skeidsregters en beamptes vir nasionale klub kompetisies en nasionale kampioenskappe aan te stel deur middel van hierdie – vereniging en provinsiale liggame.

5. LIDMAATSKAP

5.1 Lidmaatskap tot die Vereniging sal beperk wees tot persone wie die nasionale skeidsregters/beamptes eksamen geslaag het, toegelaat is tot voorlopige graad 3 en grade 3, 2, 1 of hoër, of as beampte,nie langer as een seisoen buite aksie was nie en sy of haar registrasie gelde soos op die laaste Algemene Jaar Vergadering bepaal is,op datum betaal is;

5.2 Skeidsregters/beamptes moet JAARLIKS tydens `n seisoen deur hulle provinsiale liggame by die Tesourier van SASBV geregistreer word as skeidsregter of beampte of beide. ‘n Seisoen neem ‘n aanvang wanneer die Junior seisoen ‘n aanvang neem maar skeidsregters en beamptes word toegelaat om gedurende die junior seisoen te registreer maar moet geregistreer wees by die aanvang van die senior seisoen;(Maart)

5.3 Alle skeidsregters/beamptes is onderhewig aan die reëls en voorskrifte van hierdie

vereniging;

5.4 Indien `n skeidsregter/beampte ingebreke bly om te registreer voor die aanvang van `n senior seisoen (Maart) , mag sodanige skeidsregter/beampte nie by n' klub, provinsiale of nasionale toernooie optree nie en mag die vereniging op aanbeveling van'n provinsiale liggaam sodanige persoon skrap as skeidsregter of beampte waar sodanige persoon ook die vorige seisoen onaktief was. As 'n skeidsregter/beampte na twee(2) jaar glad nie aktief was nie, kan hy/sy 'n opknappingskursus doen mits hy /sy nie afgradeer wil word nie. In gebreke om kursus te doen kan Vereeniging versoek dat so 'n persoon afgegradeer word.

6 SKEIDSREGTER / BEAMPTE GRADERINGS

6.1 GRADERING

6.1.1 'n Persoon kan opgeneem word in die Vereniging sodra hy/sy die amptelike Nasionale skeidsregters/beamptes teoretiese en praktiese eksamen geslaag het en word dan geag Voorwaardelik Graad 3 skeidsregter te wees

.

Voorwaardelike graad 3 skeidsdregters moet prakties deur twee(2) graad 1 skeidsregters in 'n provinsie by 4 afsonderlike kompetisies getoets en bygestaan word om onafhanklik as voorwaardelike graad 3's op te tree en oorweeg te word as graad 3 .

6.1.2 Voorwaardelik Graad 3 na Graad 3. Sodra die Provinsiale paneel besluit dat 'n Voorwaardelik Graad 3 lid bevredigend optree (sien 6.1.1), word by SASBV aanbeveel dat die persoon na graad 3 bevorder word. Die SASBV sal dan die aanbeveling oorweeg en die provinsie dienooreenkomstig inlig.

6.1.3 Graad 3 na Graad 2. Nadat 'n skeidsregter vir 2 jaar aktief opgetree het as graad 3, kan hy/sy skriftelik aansoek doen by die Provinsiale Voorsitter vir opgradering. Die aansoek moet deur die lid se Provinsie aanbeveel word en ingedien word by SASBV tenminste drie weke voor die NASIONALE kompetisie waar die lid wil opgradeer. Die opgradering kan slegs plaasvind by 'n Nasionale SATF kompetisie.

6.1.4 Graad 2 na Graad 1. Nadat 'n skeidsregter vir 2 jaar aktief opgetree het as graad 2, kan hy/sy skriftelik aansoek doen by sy/haar Provinsiale Voorsitter vir opgradering. Die aansoek moet deur die lid se Provinsie aanbeveel word en ingedien word by SASBV tenminste drie weke voor die kompetisie waar die lid wil opgradeer. Die opgradering kan slegs plaasvind by 'n Nasionale SATF.

6.1.5 Jaarliks gedurende Oktober,moet Provinsiale Voorsitters aandui:
Wie van die lys van skeidsregters (alle grade, Twif ingesluit) geskrap of afgradeer moet word weens:

- Langer as 'n seisoen onaktief
- Ondoeltreffende optrede weens swak vertolking van reels,houding,seine,aanspreek vorm,gedrag
- Geen belangstelling.

6.1.6 SKEIDSREGTER/BEAMPTES:

- Om net 'n beampte te word of skeidsregter en beampte,moet die skeidsregter eksamen teoreties afgele word;
- Die persoon word by die slaag van die skeidsregter eksamen,'n voorlopige skeidsregter/beampte genoem
- Die persoon sal ten minste by:

5 klubkompetisies onder toesig van ‘n Graad 1 skeidsregter/beampte optree;
2 nasionale kompetisies onder toesig van ‘n Graad 1 skeidsregter/beampte optree;

- Om bevorder te word tot ‘n Volwaardige skeidsregter/beampte : aanbeveling van die Provinsiale Voorsitter aan die SASBV.

6.1.7 DISSIPLINERE OPTREDE

In geval van ‘n skriftelike klag teenoor ‘n skeidsregter of ‘n beampte met betrekking tot:

- opsetlike onetiese gedrag teenoor ‘n span of deelnemer tydens ‘n wedstryd soos subjektiewiteit ,;
- wangedrag van en op die veld tydens ‘n kompetisie en kampioenskap se termyn(termyn word gedefinieer as eerste trek tot einde van laaste trek op ‘n gegewe dag of dae as dit langer as ‘n dag strek) soos die oormatige gebruik van sterk drank,swak gedrag soos vloekery,baklei en enigeiets wat die ampte in oneer bring.

6.1 .7.1 Prosedure:

6.1.7.1.1 Kompetisies binne ‘n Provinsie EN nasionale kampioenskappe/kompetisies:
(a) ‘n skriftelike klag word by die hoof skeidsregter ingedien;
(b) hoofskeidsregter verduidelik die klag aan die skeidsregter of beampte teenoor wie die klag ingedien is;
(c)die skeidsregter of beampte kry twee ure om daarop te reageer
(d)die hoofskeidsregter dien die dokumente in by die spesifieke Provinsiale Voorsitter in wie se area die kompetisie plaas gevind het;laasgenoemde verwys die saak met sy of haar aanbeveling na die skeidsregter of Beampte se Provinsiale Voorsitter as ‘n ander provinsie betrokke is.
(e)as die saak meriete het,verwys die Provinsiale Voorsitter van die Skeidsregter of beampte die saak na die SASBV.
(f)Die SASBV verwys die saak met kommentaar en aanbeveling na Lid Tegnies by SATF wie die saak sal formuleer,’n Voorsitter sal aanwys en die skeidsregter en beampte van die klag inkennis sal stel asook dag,datum en plek van verhoor.
(h) Die uitslag van die saak moet aan die SASBV EN BETROKKENNIS teruggevoer word.

6.1.7.1.2 Teenoor ‘n Publieke Persoon
(a)a,d, hierbo van toepassing;
(b) word deur Provinsie en Lid Tegnies van SATF hanteer.

7. FONDSE

7.1.1 SASBV is geregtig om sy eie finansies te bestuur deur n bankrekening te open en alle ledegeld (registrasie fooi) wat vasgestel is by die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging; word by die Sekretaris/Tesourier inbetaal of direk in die bankrekening en die bewys word aan die Sekretaris/Tesourier gelewer. Die Sekretaris/Tesourier sal saam met SASBV bestuur die fondse saam met die gealokeerde fondse van SATF bestuur en jaarliks finansiele verslag doen aan SATF voor die aanvang van SATF se Algemene Jaarvergadering

7.1.2 SATF Tesourier moet die SASBV FONDSE afsonderlik administreer en gereed hou vir insae.

7.2 Vir die voortgesette administrasie van die Vereniging en goedgekeurde bedrywighede gedurende die lopende boekjaar, moet die Vereniging `n beraming van uitgawes vir die jaar aan SATF voorlê nie later as 1 Februarie nie

7.3 Benewens die verkryging van ledegeld is die Vereniging geregtig, om op eie inisiatief, aanvullende fondse vir sy bedrywighede in te vorder, op voorwaarde dat enige

sodanige bedrywighede, deur die Voorsitter van die Vereniging goedgekeur is; die fondse moet by SASBV Sekretaris/Tesourier inbetaal word of direk in die SASBV bankrekening met bewys gelewer aan SASBV Sekretaris/Tesourier.

7.4 Die finansiële jaar strek inooreenstemming met SATF se boekjaar (1April-31Maart)

8. BESTUUR

8.1 Die Vereniging sal beheer word deur `n bestuur verkies op die Algemene Jaarvergadering. Alle geaffilieerde lede is stemgeregtig op die Algemene Jaarvergadering;

8.2 Die Bestuur sal bestaan uit:

Voorsitter (Uitvoerende bestuur) (Lid Tegnies op SATF bestuur)
Vise Voorsitter (Uitvoerende bestuur)
Sekretaris/Tesorier (Uitvoerende bestuur)
Addisionele lid
Streeks Verteenwoordiger (Beampte)
Jeug Verteenwoordiger
Adisionele Lid

8.3 Die termyn van die verkose lede sal twee (2) jaar wees. Na verstryking van die twee (2) jaar termyn mag lede herkies word;

8.4 Nominasies vir die bestuur moet die sekretaris een (1) kalendermaand voor die datum van die Algemene Jaarvergadering bereik wat met SATF se Algemene Jaarvergadering saamval;

8.5 `n Nominasie met `n profiel van die genomineerde persoon asook die genomineerde se toestemming moet skriftelik ingedien word;

8.6 Indien daar geen nominasies vir vakature ontvang word nie, mag die voorsitter vir mondelingse nominasies vra, met dien verstande dat slegs `n lid wat teenwoordig is en wat die aanvaarding van sy nominasie dan mondelings kan bevestig, sodanig genomineer mag word;

8.7 Indien `n bestuurslid nie vir `n verdere termyn beskikbaar is nie, moet die sekretaris een (1) kalendermaand voor die Algemene Jaarvergadering skriftelik ingelig word. Indien `n bestuurslid of genomineerde nie by die Algemene Jaarvergadering opdaag nie, `n sekunde benoem of verskoning maak nie, verval die nominasie van die bestuurslid of genomineerde. Nominasies mag dan vanaf die vloer gedoen word.

9. PLIGTE EN BEVOEGDHEDE

9.1 Die Bestuur sal vergader so dikwels as wat die Voorsitter dit nodig ag;

9.2 Drie (3) bestuurslede vorm `n kworum. Ingeval daar nie binne vyf (5) minute na die vasgestelde aanvangstyd van `n Bestuursvergadering `n kworum bestaan nie, sal die voorsitter die vergadering uitstel tot`n later datum soos deur hom bepaal;

9.3 Indien minstens drie (3) bestuurslede skriftelik daarvoor vra en buitengewone redes vir die versoek verstrek, sal die voorsitter `n spesiale vergadering van die Bestuur binne sewe (7) dae na ontvangs van die versoek belê. Slegs die item(s) waarvoor die vergadering belê is, sal bespreek word;

9.4 Die Bestuur is bevoeg om sub komitees aan te wys om gespesifiseerde opdragte uit te voer;

9.5 Die Bestuur is bevoeg en verplig om maatreëls vir die doeltreffende bestuur van die vereniging te tref en binne die grondwet die volgende te doen:

9.5.1 Fondse te beraam en te begroot en by SATF aan te vra soos en wanneer benodig;

9.5.2 Die – vereniging word by SATF deur die Visie Voorsitter verteenwoordig;

9.5.3 Gereëlde, maar ten minste eenkeer per jaar, `n opleidings kliniek te hou;

9.5.4 Die Bestuur sal spesifiek persone aanstel om verantwoordelik te wees as Hoofskeidsregters,Hoofbeamptes, opleiding, gradering en afneem van praktiese eksamens in samewerking met die lid belas met tegniese sake op SATF bestuur.

9.6 Die sekretaris moet sorg dat rekords volledig bygehou en te alle tye op datum is. Dit sluit `n register en rekords van lede in. Die sekretaris is met die uitsondering van hierbo verantwoordelik vir die opdatering van reëls en sirkulasie daarvan en ander skeidsregters/beampte sake;

9.7 Die bestuur sal die verkiesing van die toetspaneel by die Algemene Jaarvergadering aankondig en kontroleer. SATF sal daarna hiervan in kennis gestel word;

9.8 Hoofbeampte verantwoordelikhede:

9.8.1 Die Hoofbeampte is verantwoordelik vir die kontrole en beheer van Beamptes;

9.8.2 Loting van spanne, toekenning van tydhouers vir die spesifieke gewigte, beheer oor die rusperiode tussen wedstryde en kontrolering van die finale puntestand tydens byeenkomste;

9.8.3 Die Hoofbeampte sal na afloop van`n byeenkoms `n verslag (oorsig) in samewerking met die Hoofskeidsregter aan die bestuur voorlê.

10.KLEREDRAG

10.1 Skeidsregters en beamptes moet te alle tye netjies geklee wees;

10.2 Toutrekkers wie gedurende toernooie toegelaat word om as skeidsregters op te tree, moet in `n sweetpak met toerygskoene / stewels optree. Hulle sal nie toegelaat word om in hul Klub- of Provinsiale trui op te tree nie;

10.3 formele drag soos vir ‘n spesifieke geleentheid neergele word

Of alternatiewelik

10.4 Swart langbroek;
Swart skoene (geen tekkies of crocs);
Rooi skeidsregtershemp met wapen(SASBV)
Rooi pet met graderings kenteken;
Goedgekeurde windbreker baadjie met SASBV wapen op.

10.5 **DAMES** : Dieselfde drag vir die mans sal geld vir die dames, met die verskil dat die swart langbroek vervang word met ‘n swart romp vir beamptes (geen gargo pants of jeans nie).

Op ‘n finale SA Kampioenskappe of prestige byeenkomste word die rooi skeidsregterhemp gebruik

11 ONTBINDING VAN DIE VERENIGING

11.1.1 Die –vereniging mag ontbind indien `n buitengewone algemene vergadering van lede waarop ten minste vyf en sewentig persent (75%) van die lede teenwoordig is, daartoe besluit;

11.2

11.2.1 Indien tot ontbinding besluit word, sal geen item of wins tussen lede verdeel word nie, maar sal alle bates na SATF oorgedra word.

12. WYSIGING VAN GRONDWET

12.1 Veranderings aan hierdie grondwet kan alleenlik gedoen word op `n Algemene Jaarvergadering of `n Buitengewone algemene Jaarvergadering spesifiek vir die doel belê;

12.2 Wysigings of mosies moet twee (2) kalendermaande voor die Algemene Jaarvergadering skriftelik aan die sekretaris voorsien word;

12.3 Die sekretaris moet een (1) kalendermaand voor die Algemene Jaarvergadering wysigings/mosies aan die lede sirkuleer.

13. BESKIKBAARHEID VAN GRONDWET EN REËLS

Elke lid sal geregtig wees op `n afskrif van die grondwet van die –vereniging sowel as die jongste reëls.

OPGESTEL OP 26 JUNIE 2000 DEUR B J ENGELBREGHT
HERSIEN OP 1 OKTOBER 2005 DEUR J DU T MÖLLER
HERSIEN OP 14 JULIE 2010 DEUR BESTUUR.
HERSIEN OP 11 MAART 2016 DEUR BESTUUR EN AJV